



# PRO VERITATE

**A. VAN SELMS**

Christen wees in hierdie land

**D. BAX**

Has the Dutch Reformed Church become Roman Catholic?

**W. B. DE VILLIERS**

Die Kleurling en die blanke gewete

**D. VAN ZYL**

Bantu prophets or Christ's evangel

**B. B. KEET**

Die Kerk buite Suid-Afrika

# PRO VERITATE

## REDAKSIE

### REDAKTEUR:

Dr. B. Engelbrecht.

### REDAKSIONELE KOMITEE:

Biskop B. B. Burnett; Eerw. J. de Gruchy; Eerw. A. W. Habelgaarn; Eerw. E. E. Mahabane; Eerw. J. E. Moulder; Ds. C. F. B. Naudé; (Voorsitter); Eerw. R. Orr; Prof. dr. A. van Selms.

## ADMINISTRASIE/ KORRESPONDENSIE

### SIRKULASIEBESTUURDER:

Dr. W. B. de Villiers.

Alle brieue vir die redaksie en administrasie aan: Posbus 487, Johannesburg.

## INTEKENGELD

Intekengeld is vooruit-betaalbaar.

Land- en seepos: RI (10/- of \$1.40) — Afrika; RI 50 (15/- of \$2.10) — Oorsee.

Lugpos: R2.00 (£1 or \$2.80) — Afrika; R3.50 (£1.17.6 or \$5.00) — Oorsee

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

## LET WEL

Die redaksie van Pro Veritate verklaar dat hy nie verantwoordelik is vir menings en standpunte wat in enige ander artikel van hierdie blad verskyn as die inleidingsartikel en redaksionele verklarings nie.

PRO VERITATE verskyn elke 15de van die maand.

(Prys per enkel-eksemplaar 10c)

## CHRISTELIKE MAANDBLAAD VIR SUIDELIKE AFRIKA CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer  
Registered at the Post Office as a Newspaper

## IN HIERDIE UITGawe

- Ons Inleidingsartikel handel oor die vraag in watter mate die Kerk in Suid-Afrika die skuld dra vir die klaarblyklik valse beroep op God deur owerheidspersone vir die konsekente deurvoering van die apartheidpolitiese Bl. 1
- Prof. dr. A. van Selms bespreek in 'n vierde artikel in die reeks „Christen wees in hierdie land“, die Christelike getuenis. Bl. 3
- Na aanleiding van sekere N.G. Kerk-besluite oor die Christelike Instituut en PRO VERITATE, stel D. Bax die vraag of dié Kerk nie besig is om daar mee van sy Reformatoriese koers af te wyk en tipies Rooms Katolieke standpunte in te neem wat selfs deur die R.K. Kerk nie meer in so 'n strengheid gehuldig word nie. Bl. 5
- Dr. Bruckner de Villiers kom met 'n aantal gewetensvrae na aanleiding van die Wetsontwerp oor Onbehoorlike Inmenging Bl. 8
- In 'n tweede artikel oor die Bantoe-separatiste kerke gaan ds. Danie van Zyl voort om die geleenthede en probleme te skep: wat die arbeid op hierdie terrein vir die Kerk in Suid-Afrika inhou. Bl. 10
- Prof. B. B. Keet bespreek in sy rubriek „Die Kerk buite Suid-Afrika“ die „Black Power“ beweging in Amerika, die Mormons en die rassa-vraagstuk, en een en ander oor die Christendom in Japan. Bl. 13
- In 'n nuwe rubriek „Die woorde van die mense“, wat voortaan so gereeld moontlik sal verskyn, stel Ben Engelbrecht hierdie maand aan die orde 'n waardering van die „Symposium“ deur 'n koerant-rubriekskrywer, die optreden van 'n koerant teen 'n N.G.-predikant en 'n uitlegging van die redakteur van 'n kerkblad. Bl. 14

## IN THIS ISSUE . . .

- Our Editorial deals with the question as to the measure of the Church's guilt in South Africa for the obviously false appeal to God by the authorities in support of a consistent carrying-through of the politics of apartheid ..... P. 2
- Professor A. van Selms, in his fourth article on "Being a Christian in this country", discusses Christian witness P. 3
- With reference to certain D. R. Church decisions concerning the Christian Institute and PRO VERITATE, D. Bax poses the question whether this church is not thereby deviating from the course of the Reformation and adopting typically Roman Catholic standpoints which are no longer being adhered to as strictly even by the R. C. Church. ..... P. 5
- Dr. Bruckner de Villiers raises a series of questions of conscience in connection with the Improper Interference Bill ..... P. 8
- In a second article on the African Independent Churches the Rev. Danie van Zyl continues sketching the opportunities and problems which are entailed by the work in this field for the church in South Africa ..... P. 10
- Prof. B. B. Keet, in his column "The Church outside South Africa", discusses the "Black Power" movement in America, the Mormons and the racial question and a few matters in connection with Christianity in Japan ..... P. 13
- In a new column "The Words of Man" which will appear as regularly as possible henceforth, Ben Engelbrecht this month features an evaluation of the "Symposium" by a newspaper columnist, the action of a newspaper against a D.R. Minister and a statement by the editor of a church paper. ..... P. 14

Inleidingsartikel:

# Wie se Skuld?

Wanneer 'n politieke leier wat die owerheid verteenwoordig hom op God beroep, moet alle gelowiges met gespitste aandag luister. Die politiek is nou eenmaal geen saak waarteenoor die Christen onverskillig mag staan nie en die beleids- en belydenisuitsprake van 'n owerheidspersoon mag hy nooit met ligvaardigheid bejeën nie. Elke onderdaan is meteens direk daarby betrokke. In die politiek val daar besluite en geskied daar handelinge wat beslis oor die vraag hoe Gods wêreld bewoon sal word en hoe die lewe wat Hy gegee het, beleef sal word. In die politieke inrigting van 'n volk se lewe word daar op een of ander wyse altyd antwoord gegee op die vraag wie die God is wat gedien word, of Hy die ware God is. En die owerheid wat daarvoor verantwoordelik is, is op een of ander wyse altyd besig om 'n belydenis te doen ten opsigte van God.

Dit kan ook nie anders nie. Die wêreld waarin aardse owerhede regeer, is immers nie 'n neutrale gebied met 'n onbepaalde bestemming nie, en die mense wat daarin woon, is nie toevallige natuurverskynsels met 'n onsekere lot nie. Dit is God se wêreld waarvan die inrigting, en sy mense, na sy Beeld geskape, wie se lewe aan die sorg van die aardse maghebbers toevertrou is. Hierdie wêreld wat deur ons bewoon word, is die plek waar God sy koninkryk wil oprig en waarin Hy verheerlik wil word. Implisiet of eksplisiet is alle aardse owerhede in al hulle uitsprake, beslissinge en handelinge voortdurend besig om te kenne te gee in watter verhouding hulle staan tot die enige God, aangaande Wie daar slegs één bron van kennis is, nl. Sy Woord. Dié enige God word in die wêreld, ook deur die aardse owerhede as die eerstes onder hulle wat geroep is om Hom te dien, òf geglo òf verwerp in allerlei grade van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid. Die beslissing lê in die allerbelangrikste mate by die owerheid of daar van 'n volk gesê kan word dat hy welgeluksalig is omdat die Here sy God is en omdat hy die geklank van Sy Woord ken (Ps. 33:12; 144:15; 89:16).

'n Mens sou byna kon sê dat dit van Suid-Afrika waar is. Ons hoor geen vreemde klank as 'n politieke leier 'n belydenis van geloof in God en van afhanklikheid van Hom uitspreek nie. En wanneer daar 'n uitspraak uit die mond van 'n owerheidspersoon kom waarin hy sy vertroue op God en sy wil tot gehoorsaamheid aan Sy Woord te kenne gee, bring dit 'n diepe ontroering van dankbaarheid en vreugde in die hart van elke gelowige onderdaan. Wie durf ook aan die eerlikheid en oregtheid daarvan twyfel? Suid-Afrika het 'n opeenvolgende ry van regeringshooftgehad, en het tans weer een, wat die begeerte en bereidheid uitgespreek het om die wil van God te doen.

Tog is daar juis hierin iets wat elke gelowige wat aandagtig luister, diep onrustig stem. Die beroep deur owerheidspersone in ons land op God en Sy Woord, staan veral in verband met wat hulle as hul heilige roeping vir Suid-

Afrika voor oë het: Om die apartheidspolitiek tot in sy uiterste konsequensies deur te voer. Hulle beskou dit as hul roeping — en tereg ook! — om hierdie deel van die wêreld aan die suidpunt van Afrika waar hulle regeer, vir al die bevolkingsgroepe wat hier woon, bewoonbaar te maak en die lewe vir almal leefbaar — maar die beleid waarvolgens hulle meen om die heil van Suid-Afrika volgens die wil van God uit te werk, is apartheid, en wel apartheid nie as 'n plooibare en rekbare praktiese politiek nie, maar prinsipiële en konsekwente apartheid as 'n beginsel van die Christelike geloof, wat soos alle grondwaarhede van die Christelike geloof 'n onvoorwaardelike „ek glo“ vereis.

Wie egter met die Bybel vertroud is, besef dadelik met verbasing en skrik dat hier 'n ernstige kortsluiting is. Want dié God op wie politici hulle beroep as hulle in die steeds konsekwerter deurvoering van apartheid voorgee dat hulle Sy wil doen, is nie die God van die Bybel, die Vader van Jesus Christus, die Here van die komende Koninkryk nie. Hy, die enige God van Wie die Bybel getuig, is nie die God van apartheid nie. Maar selfs met hierdie ernstige bedenking oor 'n klaarblyklik valse beroep op God, wil 'n mens nog nie aan die oregtheid en eerlike bedoeling van die politieke leiers twyfel nie. 'n Verontskuldiging in hierdie verband kan wel nooit volkome wees nie, want wie hom op God en Sy Woord beroep, doen dit ook op eie verantwoordelikheid. Ook die owerheidspersoon het 'n eie „mondige“ oordeel en insig wat die Skrif betref. En tog is dit nie in die eerste instansie die politikus en die owerheidsfiguur se taak om die waarheid van Gods Woord te deurgrond nie. Dit is die kerk wat dit profeties aan die owerheid moet voorhou; en dit is die owerheid wat, op sy beurt weer, in die lig van die Woord en waarheid van God, die mag dra wat God aan hom toevertrou het.

Dra die kerk in Suid-Afrika nie die skuld daarvoor dat die owerheid so vas en oreg glo dat met die deurvoering van die apartheidspolitiek die wil van God gedoen word nie? Is dit nie daardie deel van die kerk in Suid-Afrika en daardie teoloë wie se gesag vir die owerheid die swaarste weeg, wat 'n apartheidseer verdedig wat met sy skynbare „Skriftuurlike fundering“ en al, ten diepste in stryd is met die geopenbaarde bedoeling van God met Sy wêreld en die menslewe, hier en hierna in ewigheid nie? Is dit nie in die kerk en onder teoloë in Suid-Afrika waar die apartheidsideologie sy sterkste apologete en grootste profete het wat die „veelvormighed in die skepping“ as sy skriftuurlike grondslag so hartstogtelik verkondig nie? En is dit nie die kerk en verantwoordelike teoloë wat behoort te weet dat die juk van die apartheidsgebod wat ons land homself opgelê het, op die duur nie slegs ondraaglik swaar gaan blyk te wees nie, maar ook vir ons niks anders as die dood kan inhoud, omdat dit geen Evangelie is nie?

Wat gelowiges in Suid-Afrika in verband met die apartheidspolitiek die meeste ontstel en behoort te

ontstel, is nie dat dit indruis teen die („verdorwe“) menslike rede, teen wat die mens van die mens dink en maak nie, maar dat dit indruis teen die goddelike openbaring, teen wat God in Christus van die wêreld en die menselewe dink en maak. Ons mag nie daar-aan twyfel dat dit vir ons regeerders opregte erns is om God te dien en sy wil te doen nie. Maar dan is dit die dure roeping van die kerk om die ware lig van die Evangelie van die versoening in Jesus Christus en van die komende Godsryk aan hulle voor te hou sodat hulle daarin kan wandel. Die heil van Suid-Afrika hang daarvan af dat dit die God van die Bybel, die Vader van Jesus Christus sal wees wat gedien word en dat Sy wil gedoen word.

‘n Pseudo-bybelse ideologie kan nie die grondslag wees waarop die toekoms van ons land gebou

word nie. Daarmee berei ons ons gewisse onder-gang voor. Want in die grond van die saak is ‘n valse beroep op God ‘n beroep op ‘n valse god en daarom ‘n verwering van die enige God. En geen volk wat die God van heil verwerp, deur ongeloof of wantroue, of deur die verplasing van Hom met ‘n ander een, kan standhou nie. As Suid-Afrika uiteindelik die wrange vrugte sal moet pluk wat die deel van alle volke in die geskiedenis was en sal wees wat hulle heil gesoek het en soek in ‘n politieke stelsel waarmee die God van die Bybel, met of sonder ‘n beroep op Hom, in slimheid probeer uitoorlê word, wie se skuld sal dit wees? Hoe groot is die verantwoordelikheid van die herders! Eis God sy skape nie van hulle hand nie? (Eseg. 34:10).

#### Editorial:

## *Whose Guilt?*

When a political leader who represents governmental authority appeals to God, all believers must listen with rapt attention. Politics is decidedly not a matter of indifference to the Christian and he may never disregard the statements of policy and belief of a person in power. Every subject is immediately directly involved. In politics decisions are made and actions take place which determine how God's world will be lived in and how the life He has given will be experienced. In the political organisation of a people's life an answer is always given in some way or another to the question who the God is who is being served, and whether He is the true God. And the responsible authorities are in some way or another always engaged in giving witness with regard to God.

It cannot be otherwise. The world in which temporal authorities rule is no neutral territory with an indefinite destiny, and the people who live in it are not fortuitous phenomena of nature with an uncertain fate. It is God's world whose organisation and the life of whose people, created after His image, have been entrusted to the care of the temporal rulers. This world which we inhabit is the place where God wants to establish His kingdom and in which He wants to be glorified. Implicitly or explicitly all temporal authorities are, through their pronouncements, decisions and actions, continually indicating in what relationship they stand to the one God concerning Whom there is only one source of knowledge, i.e. His Word. This sole God is either believed in or rejected in the world in varying degrees of obedience or disobedience, also by the temporal authorities as the first among those who are called upon to serve Him. In a most important sense the decision rests with the authorities whether it can be said of a people that it is blessed because the Lord is its God and because it knows the joyful sound of His Word (Ps. 33:12; 144:14; 89:15-16).

One could almost say that this is true of South Africa. We detect no discordant note when a political leader gives expression to his belief in God

and his dependence upon Him. And when there issues from the mouth of a person in power a statement in which he signifies his trust in God and his willingness to be obedient to His Word, it gives rise to a deep motion of gratitude and joy in the heart of every faithful subject. Who dares to doubt its honesty and sincerity? South Africa has had a series of heads of State, and now again has one, who have expressed their desire and their preparedness to do the will of God.

Yet there lies inherent in this very fact something which fills every believer who listens attentively with unease. The appeal of persons of authority in our country upon God and His Word is especially associated with what they envisage as their holy calling for South Africa: to carry the politics of **apartheid** through to its ultimate consequences. They regard it as their calling — and rightly so! — to make this part of the world on the southernmost tip of Africa which they govern habitable and livable for all the population groups — but the policy which they regard as the correct one for the welfare of South Africa according to the Will of God, is **apartheid**, and in fact **apartheid** not as a flexible and elastic policy, but dogmatical and consistent **apartheid** as a principle of Christian faith which, like all basic truths of Christian faith, demands an unconditional ‘I believe’.

He who knows his Bible, however, immediately realises with amazement and alarm that here there is a serious short circuit. For the God to whom politicians appeal when they allege that they are doing His will in their steadily more consistent implementation of **apartheid**, is not the God of the Bible, the Father of Jesus Christ, the Lord of the coming kingdom. He, the sole God to whom the Bible gives witness, is not the God of **apartheid**. But even in the light of this serious reflection as regards an obviously spurious appeal to God, one still does not wish to doubt the sincerity and honesty of intention of the political leaders. A justification in this connection can indeed

never be completely adequate, for he who appeals to God and His Word also does so at his own responsibility. Also the person of authority should have "come of age" in his judgement and insight as far as Scripture is concerned. And yet it is not the task of the politician and governmental authority in the first instance to penetrate to the truth of God's word. It is the Church who should prophetically hold it up before the government; and it is in its turn, the government which bears the power entrusted to it by God in the light of the Word and the truth of God.

It is not the guilt of the Church in South Africa that the government so firmly and sincerely believes that the will of God is done by the implementation of the **apartheid** policy? Is it not that section of the Church in South Africa and those theologians whose authority weighs most with the government who defend a doctrine of **apartheid** which, with its ostensible "Scriptural foundation" and all, is at deepest level contradictory to the revealed intention of God with His world and human life, here and hereafter in eternity? Is it not in the Church and amongst theologians in South Africa that the ideology of **apartheid** finds its strongest apologists who so passionately proclaim "pluriformity in creation" as its Scriptural foundation? And is it not the Church and responsible theologians who should know that the yoke of the **apartheid** commandment which our country has imposed upon itself is, in the long run, not only going to prove to be intolerably heavy, but that it can also spell nothing less than death itself for us, because it is no Gospel?

What upsets, and should upset, believers in South Africa most in connection with the policy of **apartheid** is not that it runs counter to ("depraved") human reason, to what man thinks and makes of man, but that it runs counter to divine revelation, to what God in Christ thinks and makes of human life. We dare not doubt that it is a matter of sincere conviction on the part of our rulers to serve God and to do His will. But then it is the ineluctable calling of the Church to hold up before them the true light of the Gospel of the reconciliation in Jesus Christ and of the coming Kingdom of God so that they may live by it. The welfare of South Africa depends on it being the God of the Bible, the Father of Jesus Christ, who shall be served and whose will shall be done.

A pseudo-Biblical ideology can not be the foundation on which the future of our country is to be built. Thereby we are preparing for ourselves a certain downfall. For in its essence a false appeal to God is an appeal to a false God and thus a rejection of the one God. And no people which rejects the God of salvation, whether it be through unbelief or distrust, or by replacing Him with another god, can remain standing. If South Africa ultimately has to pick the bitter fruit which accrued and will accrue to all people in history who sought and are seeking their salvation in a political system by which the God of the Bible is, with or without an appeal to Him, being cleverly cheated, whose guilt will it be?

How great is the responsibility of the shepherds! Does God not require His flock at their hand? (Ezek. 34:10).

# CHRISTEN WEES IN HIERDIE LAND

PROF. DR. A. VAN SELMS

## IV. DIE CHRISTELIKE GETUIENIS

**Deur die werk van die Heilige Gees in ons harte word ons daartoe gebring om te spreek. So staan dit in II Kor. 4:13: „Omdat ons dieselfde Gees van die geloof het — soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek — glo ons ook, daarom spreek ons ook” Die geloof wat deur die Gees gewek is, is 'n sprekende geloof. 'n Mens kan geen Christen wees en swyg nie. „Want vir ons”, so staan dit in Hand. 4:20, „is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie”. Die apostels sê dit, nadat deur die bevoegde kerklike autoriteite aan hulle 'n spreekverbod opgelê is. Hulle erken daardie autoriteite, maar hulle kan hulle nie gehoorsam as die getuienis van wat God in Christus gedoen het, in die geding is nie.**

### SWAKHEID EN KRAG

Wat is daardie getuienis? Dit het twee kante. Die eerste kant word maklik oor die hoof gesien, en tog is dit juis die een kant, waarna die woord van Paulus in II Kor. 4:13 uitdruklik verwys. Want die apostel haal daar aan wat in Ps. 116:10, 11 geskrywe is: „Ek het geglo toe ek gepreek het: Ek is diep neergebuig. Ek het in my angs gesê: Alle mense is leuenaars.” Twee dinge word dus in die geloof gesê; die eerste daarvan is die erkentenis dat

ons by ons self geen raad vind nie. Ons spreek, terwyl ons diep neergebuig is, en in angs verkeer: ons weet nie wat nog met ons gaan gebeur nie. So erken die apostel Paulus dat hy by sy eerste besoek aan Korinthe „in swakheid en in vrees en in veel bewing” die evangelie gebring het (I Kor. 2:3). En die ander ding wat die geloof sê, is volgens Ps. 116: „Alle mense is leuenaars.” Met ander woorde, hy wat getuig en dié tot wie sy getuienis gerig is, is almal mense by wie geen houvas gevind kan word nie.

Dit is die een kant van die Christelike getuienis: ons is almal verlore mense, ons weet uit onsself nie wat goed is nie, ons staan vol onsekerheid en verwarring teenoor die probleme wat ons hart en die wêreld waarin ons lewe, aan ons stel. Fundamenteel staan ons almal op een en dieselfde lyn, wankel ons aan die rand van dieselfde afgrond. Daar is in die Christelike getuienis niks van die vermaarde „ek-is-heiliger-as-jy” (vgl. Jes. 65:5) houding nie. As die Christen moet getuig teen volksbondes, sal hy nooit „julle” sê nie, maar altyd „ons”.

Maar daar is ook die ander kant van die Christelike getuienis: dit is die getuienis van wat, nie deur mense nie, maar deur God in Christus gedoen en gesê is. Daarin lê die enigste houvas: dit is die enigste waarheid. Daarin lê die bevryding van menslike nood en verwarring, en ons enigste hoop is om af te sien

van alle menslike veiligheidswaan en ons toevlug tot die evangelie alleen te neem. Die Christelike getuenis het dus sy negatiewe kant teenoor die menslike sekerhede; sy positiewe kant is niks anders nie as wat God in Christus vir ons gedoen het.

## WEERSTAND

Daardie getuenis sal dus altyd onpopulêr wees. Want dit breek deur sy negatiewe kant heelwat dierbare illusies af. Dit ontneem die mens wat hy het of dink dat hy het. Kom, laat ons dit maar sê in 'n taal wat so begryplik is, dat daar gerus weer 'n storm kan opsteek teen wat ons hier betoog. Die negatiewe kant van die Christelike getuenis beteken in die volkslewe dat ons moet ophou om te sing „Kent gij dat volk vol heldenmoed”, voor dat ons kan bid „Op u almag vas vertrouend”. Want daardie heldemoed is die teenoorgestelde van Ps. 116 se neergeboëndheid en angs, die teenoorgestelde van Paulus se „swakheid en vrees en veel bewing”. Dit is duidelik dat wie dit waag om hierdie dinge uit te spreek, telkens opnuut die mens in sy ongebroke selfvertroue teen hom sal kry.

Dit sien ons in die geheel van die Heilige Skrif. Daar was prakties geen getuie van God wat nie op die een of ander manier die mense teen hom in die harnas gejaag het nie. Hulle wou Moses stenig (Num. 14:10); Elia moes kla: „Hulle soek my lewe om dit weg te neem”; Christus is gekruisig. Die lydensgang van die apostel Paulus is bekend genoeg; laat ons egter een voorval in die herinnering roep. As die apostel eindelik, en op 'n heel ander manier as wat hy hom dit voorgestel het, in Rome aangekom het om sy getuenis in die hoofstad van die wêreld te bring, dan word hy daar verwelkom deur sy volksgenote met die mededeling dat dit aan hulle bekend is dat sy prediking oral weerspreek word (Hand. 28:22). Dit klink nogal bemoedigend vir die broeder wat van elders oor gekom het om in die diens voor te gaan!

## SEKERHEID

Of — is dit tog bemoedigend? Ja, tog wel! Want daardie weersprekking, daardie felle reaksies op die prediking van die apostel bewys vir hom dat sy boodskap inderdaad nie 'n menslike boodskap is nie, maar die getuenis van wat God in Chris-

tus geopenbaar het. Was dit 'n menslike boodskap, dan kon Paulus 'n volksman geword het, 'n gevierrede prediker, met as vooruitsig 'n eerolle emeritaat met huldigingsadresse en pensioen. Nou het hom alleen die dood deur die swaard gewag. Die mense het hom gehaat, belaster, gedreig, agtervolg, die staat se mag teen hom ingespan: want sy boodskap was teen die mens en die volk in sy selfversekerdheid gerig. Dit moes so wees, want 'n mens moet eers niks word voordat God alles vir hom kan wees. Die Christelike getuenis sal dus altyd weerspreek word, ook deur lede van 'n Christelike kerk, want ook hulle is mense, en die menslike het in hulle dikwels die oorhand bo die Christelike. Ons moet dus veral nie dink dat die sin van die Christelike getuenis lê in die sukses wat ons mag hê nie. Daardie sukses, as dit daar is, kan eerder 'n aanleiding vir ons wees om tot God en Sy Woord in te keer. Laat ons dit liewer so stel: die Christelike getuenis dra sy sin in homself, omdat dit 'n getuenis van Christus is. Die getuie is eers waarlik en ten volle getuie as hy martelaar word, met ander woorde as, na die mens gesien, sy getuenis nie die minste sukses het nie.

Die Christelike getuenis is 'n daad van gehoorsaamheid aan Christus, wat ons daartoe geroep het. Gehoorsaamheid aan die enigste Here dra sy sin in homself; daar hoef nik van buite by te kom om dit tot die sinrykste daad van die menslike geskiedenis te maak nie. Ook al sou niemand na daardie getuenis wil luister nie, behou dit tog sy volle betekenis en waarde. As ons dit nog nie weet nie, kan ons dit uit die boek Eségiël leer. Daar sê God vir sy profeet (3:11): ... spreek met hulle en sê vir hulle: So spreek die Here HERE — of hulle luister of nie.” Die moontlikheid bestaan — en dit het maar al te dikwels 'n werklikheid in die ampsbediening van Eségiël geword — dat die mense tot wie hy moes spreek, nie na sy getuenis wou luister nie; maar of hulle luister of nie, die profeet moet in ieder geval sy getuenis laat klink.

## TAKT

Die vraag kan natuurlik gestel word of taktiese oorwegings daarby geen rol mag speel nie. Sou 'n mens hom nie kon bepaal tot die predi-

king van Christus sonder om die menslike sekerhede af te breek nie? Sou 'n mens nie mag swyg oor die oordeelsaspek van die woord van God nie? Die kans bestaan dat as die getuie met Ps. 116 sê „alle mense is leuenaars”, die mense hulle van hom sou awwend. Ons is so dikwels bevrees dat ons die vertroue van ons mense sal verloor, dat ons ons greep op die massas mag kwyt raak, dat ons alleen te staan mag kom. Kan ons dan nie liewer oor bepaalde punte swyg nie? Op daardie oorwegings is daar maar net een antwoord, en dit is 'n teëvraag: Is daar in die geheel van die geskrifte van profete en apostels één passasie waar die getuie van God om taktiese redes 'n deel van die getuenis verswyg? Weet ons van één van God se getuies wat, om sy invloed by die volk te bewaar, die skerp aspekte van die boodskap stilswyend verbygegaan het? En wie is ons dat ons uit taktiese oorwegings onself as regters oor die Woord van God sou opwerp? Kan ons tot God sê: Here God, U het ons as getuies van u Seun in die wêreld gestel, maar aangesien daar in u Woord elemente is wat ons in botsing met die volkslewe sou kon bring, sal ons uitmaak wat ons wel en wat ons nie tot die volk sal sê nie? Beteken dit dan nie dat ons die vriendskap van die wêreld bo die gehoorsaamheid aan God stel nie?

## DIE KERK

Dit was my bedoeling om hierdie stuk te wy aan die betekenis van die kerk in die geloofslewe van die Christen. Dit het egter 'n stuk oor die Christelike getuenis geword. Maar ek vra u: wat is die kerk as dit nie die getuenis van die hele raad van God in Christus is nie? Die getuenis is die hele en enigste sin van die kerk se bestaan. Die kerk is nie 'n ding nie, dit is 'n handeling. Dit is nie 'n in homself bestaande instituut nie, maar dit is die instrument waardeur God sy Woord tot die wêreld spreek. Die kerk is alleen en vir sover werklik kerk as wat dit die werking van die Heilige Gees in die wêreld is. 'n Kerk wat swyg, is geen kerk nie; dit is 'n maatskappy tot uitbuiting van die religieuse behoeftes van die natuurlike mens. En 'n kerk wat sy lede ten aansien van bepaalde aspekte van God se Woord die swye ople, het homself in die diens van die Antichris gestel.

# HAS THE DUTCH REFORMED CHURCH BECOME ROMAN CATHOLIC?

D. BAX

This month (October) the Algemene Sinode (National General Assembly) of the Nederduits Gereformeerde Kerk meets in Bloemfontein. It is reported that more than one resolution condemning the Christian Institute will be laid before the Synod to decide on. Therefore it would be appropriate for us to examine the resolutions concerning the Institute which have been passed previously by courts of the N.G.K. and to analyse the grounds on which such resolutions have been made so far. (We quote these as listed in the February, 1966 issue of Antikom).

The most important court to have passed judgement on the Institute is the Breë Moderatuur of the N.G.K. in a resolution passed on 15th November, 1963. The breë Moderatuur stated that it 'kan . . . die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut nie goedkeur nie' for three reasons:

(1) *Omdat dit duidelik is dat die stigting en optrede van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die kerk.*

## SUPREME AUTHORITY — CHURCH OR SCRIPTURE

The theological implications of this sentence are fantastic. 'Die standpunt van die kerk!' Note that it really is this that is defended against all 'bestryding' — and not the 'standpunt' of Scripture for instance. There is no reference here to Scripture at all. This statement of the Breë Moderatuur proceeds from the axiom: if the Church (and indeed not the Church as a wider whole but the N.G.K. as by definition 'die kerk') adopts a certain 'standpunt' that 'standpunt' is as such necessarily correct, so that any questioning or 'bestryding' of it is as such necessarily wrong. This implies two things: that the authority of the Church is necessarily right, i.e. infallible, and that its 'standpunte' must not be questioned on the basis of any other authority. And this is pure Roman Catholicism, directly anti-evangelical! It is indeed exactly the principle erected against Luther and Calvin by the Roman Catholic Church of the 16th century, the very principle which they had to overcome in their struggle to reform the Church. For the reaction of the Roman Church to the Reformation can be formulated just this way: The Pope (as the equivalent of the Moderatuur in the Roman Church) 'kan . . . die stigting en voortbestaan van die (Reformasie) nie goedkeur nie . . . omdat dit duidelik is dat die stigting en optrede van die (Reformasie) noodwendig moet lei tot die bestryding van die . . . standpunt van die kerk'. The formal principle of the Breë Moderatuur's pronouncement is precisely the same as that which the Roman Church advanced against the Reformation.

Against this the Reformers thundered that the authority of the Church is NOT, is NEVER, infallible, and that whatever it has said or may say MUST be questioned on the basis of another authority, namely, the Word of God in Holy Scripture. In the fourth book of the *Institutes* Calvin again and again attacks the Roman Church for making laws and passing ordinances with no

reference to Holy Scripture. The Reformers would never have made a statement such as that of the Breë Moderatuur without any reference to Scripture. For them the Church and the Church's opinions had no authority whatsoever except *in so far and only in so far as* they were shown to be the opinion of *Scripture*. Calvin flatly rejected any authority of the Church external to the Word. He firmly denied that anyone in the Church has 'been endowed with any authority to teach or to answer, except in the name and Word of the Lord' (*Inst. IV. viii.2*) as this is contained in Scripture (*IV. viii.8*). 'The power of the Church, therefore, is not infinite but subject to the Lord's Word, and, as it were, enclosed within it' (*IV. viii.4*) and it may not 'ordain anything beyond or apart from God's Word'. For this reason Calvin stringently ranged himself against and attacked any Church which makes any pronouncement of its own without the backing of Scripture, by 'the devising of its own reason'. He condemns those who 'locate the authority of the Church outside God's Word; but we insist that it be attached to the Word, and do not allow it to be separated from it' (*IV. viii.13*).

The Breë Moderatuur has done exactly what Calvin condemned the Roman Catholic Church for. It has assumed authority for the Church to pronounce judgement on a matter without any reference to Scripture but merely because it contradicts the 'standpunt van die kerk'. That this 'standpunt' was 'die standpunt van die kerk' was for the Moderatuur sufficient. It did not bother to defend this 'standpunt' with Scripture! (Perhaps it also feared that it could not!)

Amazingly not only the Breë Moderatuur but other courts of the N.G.K. have condemned the Institute on the same ground. The Pretoria North Ring on 25th September, 1965 gave as three grounds for condemning the Institute: that it 'voorgee om beter as die kerk die waarheid van Gods Woord te verteenwoordig' (no scriptural evidence was actually led for this), that it 'die kerk se (sending- en ekumeniese) beleid weerstreef', and that it 'deur sy optrede en openbare uitsprake die kerklike gesag voortdurend ondermyn'. Again, all of this is exactly the same kind of charge that the Roman Catholic opponents of the Reformation made against the Reformers — because they appealed to *Scripture against* the Church (as the Institute does) and regarded the authority of the Church as radically subject to, and irrelevant or non-existent apart from, the authority of Scripture, whereas the Roman Catholics asserted that the Institutional Church alone had the

right to interpret and 'verteenwoordig' the Word of God!

The Ring called on 'alle lidmate' 'onwankelbaar te staan in hulle trou aan die kerk van Christus as stigting van God deur Jesus Christus en nie 'n menslike maaksel nie'. Once more this exactly reproduces the call of the Roman Church of the 16th century to its members to be loyal to the divinely established institutional Church, leaving out, as the Roman Church did, the whole question of loyalty to the Word of God in the Scriptures! The Reformers urged that Christians should be loyal to the Church but only in so far as the Church itself was loyal to the Word of God. The Ring, like the Roman Catholic Church, leaves out this qualification entirely and calls for absolute loyalty to the 'kerk' as such. For the Reformers this was impossible, because for them the 'beleid' and 'gesag' of the Church were always potentially to be opposed by the true servant of the Word because the Church was not only the 'stigting van God' but also 'menslik' in that it consisted of sinful men and therefore itself tended to sin (which Roman Catholicism also denied). For the Reformers the Christian must always be ready to stand for the Word of God and its authority *against* the 'beleid' of the institutional Church and its 'gesag', to *oppose* the Church in this sense, — because only in this way could he stand *with* the true Church (the remnant loyal to that Word) and ultimately *for* the whole institutional Church (by calling it to repentance)! And the Reformers themselves on this basis, opposed and stood *against* the institutional Church, contradicting its 'beleid', denying its 'gesag' and trying to reform it.

The concept of the Church involved in the statements of the Breë Moderatuur and the Pretoria North Ring is one of the Church as essentially an institution: quite clearly 'die kerk' in their pronouncements means the N.G.K. as a whole, i.e. as an institution with institutional authority, and it is the 'beleid' and 'gesag' of the N.G.K. in this sense to which it calls for obedience and loyalty. Again this is pure Roman Catholicism. For the Reformers, in contrast, the Church could not be defined essentially as the institutional Church but only as the 'remnant' of those who truly believed in and were truly obedient to Christ as their Lord. Calvin defined the Church as essentially that body of men which 'agrees on the one truth of divine doctrine, and is bound by the bond of the same religion', where the gospel is rightly preached and heard, i.e. confessed and obeyed (and the sacraments are rightly administered)

(c) Extentions will have to be made to the seminary which will in the first three years include the following: two new lecture rooms and a fully equipped library (there is no library at present); appointment of additional staff members (one senior lecturer, a junior lecturer and a secretary/librarian).

(d) A scholarship fund will be established to assist students financially. While churches must shoulder the responsibility for sending and keeping their students at the seminary, it is unrealistic to expect the poorest churches in South Africa to be able to pay all the costs involved in the training of their ministers.

The indications are that there will be at least ten students from the African Independent Churches in 1967. The potential is, however, so great that the seminary could within a few years become the largest in South Africa.

### ADDITIONAL NEEDS

As the work has grown over the past two years additional needs and fields of service have become apparent:

#### (a) Ministers Wives:

Women play an important role in the life of an Independent Church. The minister's wife is expected to share her husband's responsibility of shepherding his flock. There are many who accept this responsibility and who do wonderful work in the congregations. Others again wish to accept full responsibility, but due to the lack of know-how and training, they do not achieve much in practice. The women have asked that not only the men should be assisted, but that a programme be worked out through which the women could also be assisted.

It seems that such assistance will have to be given on two levels. Firstly, women should be trained and assisted to fulfill their rôle as spiritual leaders, and secondly, women should receive guidance on the woman's place and responsibility as a member of society and the family. On the first level basic theological training should be given, while assistance on the second level will include guidance on such matters as family care and planning, household duties, community welfare problems, handiwork, etc. The aim in the second level programme should be the training of leaders. There are many organisations who would be able to assist in such a programme.

#### (b) Youth Work:

Church Youth Work has reached a low ebb in many churches in South Africa. In the African Independent Churches it is almost non-existent. Yet all leaders are aware of the necessity for a church to give serious attention to the shepherding of her young people who are the leaders of the future. In this field there is a lack of basic know-how on how to do youth work.

Assistance in the field of Youth Work must be that of assisting the churches in establishing such work, not in doing youth work for or alongside the churches. Aspects of Youth Work which will have to be dealt with, will be:

1. The establishment of Sunday School work.
2. Youth leadership training.
3. A youth magazine for distribution by the churches.

4. A full-time youth worker (possibly in the future).

(c) The other field in which assistance is needed is the field of the relationship between these churches themselves and these churches in relation to other bodies.

(i) **Church and Church:** There are numerous disputes between Independent Churches, particularly where a secession has occurred and both groups claim to be the true and original church. Disputes arise over finance, name of the church and property. Often these matters are taken to court resulting in long drawn out and expensive court cases. AICA has established a committee who, when asked, will attempt to assist churches in settling disputes. Another committee has been appointed to investigate possibilities of church co-operation, and where possible, church unions.

(ii) **Church and Government:** In this field too the churches often need help to negotiate with both the central government and local authorities. There is much misunderstanding on both sides causing unnecessary hardship. A committee has also been established by AICA to look after this part of the work.

### GROWTH AND GROWING PAINS

As mentioned earlier AICA was founded in June, 1965. The Rev. Z. J. Malukazi, a minister of the Independent Churches assisted the Christian Institute in making the initial contacts. The AICA Board of Management was asked in January, 1966 to appoint a temporary organiser. The Rev. B. N. Goduka of the African Native Mission Church was appointed for a period of six months. (This appointment has now been extended by the Board of Management to a period of three years).

The Association has approximately eighty churches who are officially affiliated (i.e. churches who have paid their affiliation fees) and is in contact with 150 or more who have indicated an interest in AICA. The work of AICA is in a sense pioneer work in that no previous association strived for exactly the same objectives. But in this pioneer work many problems have to be faced.

Most of these difficulties arise from the fact that there has been very little ecumenical co-operation between the churches. Much of the

contact was that of competitors with no recognition of other's right of existence. Often secessions were based on personal ambition, selfishness and jealousy. It is therefore only natural that in the work of AICA old rivalries and fears should again emerge. If AICA is to succeed in its aims, it will be, not by disregarding these factors, but by changing the basis of operation and thinking from that where personal status, whether of the church or of the leader, is most important, to a basis where the thinking is theological and where Christ and His Church are put first. This change will by necessity be a slow one, but by concerted effort, particularly in the field of theological education and Bible study, it will surely come.

### DISTRUST

AICA must also be fully aware of the fact that it is not the first association or Movement which have tried to operate on an ecumenical basis. There have been many "Movements", national and local, which have presented themselves as "Unity" movements. The African Independent Churches are slow to trust such new phenomena. They rather wait to see whether promises are kept and whether objectives are worked for sincerely and honestly. Too often in the past have such movements proved bogus undertakings, requiring churches to pay fees but never offering any real programme. Other movements again failed because there was a lack of finance or of know-how. Many churches are now waiting to see whether AICA will prove itself loyal to its ideals and able to put its programme into practice.

### SECESSION IN AICA

AICA has already experienced a minor secession of its own. When AICA had to appoint its own full-time organiser, the Rev. Z. J. Malukazi expected to get the post on account of his work for the Christian Institute in this field. When some-one else was appointed he openly showed his disappointment. This disappointment coupled with a disagreement between him and the Chairman of the Board of Management, led to his founding a rival movement — "The African Independent Churches' Ecumenical Movement". This movement how-

ever is weak and has little hope of growing stronger.

### CO-OPERATION BETWEEN AICA AND OTHER BODIES

AICA has sought to co-operate with the Mission Churches, and at its last Annual General Meeting it voted in favour of affiliation to the Christian Council of S.A. It also expressed its appreciation of the work done by IDAMASA and made it clear that it does not wish to interfere with the work of IDAMASA in any way whatsoever, except to help where it can.

### AZASA

It would only be right to point out that another movement known as the Apostolic and Zionist Assembly of S.A. (AZASA) has developed alongside AICA. Initiated by IDAMASA, the Zionist Churches were brought together under the guidance of the Rev. Mncube. Many feel that the Zionist Church differ from the Ethiopian Churches in so many important aspects that two organisations, one for the Ethiopian Churches and one for the Zionist Churches could do the work more effectively. At present AICA consists mostly of Ethiopian type Churches, but the small Zionist membership should not be regarded as insignificant. Although both church groups are members of AICA no abnormal tensions have developed between the two types of church groups. AZASA has limited its membership to Zionist Churches only. AICA and AZASA are in close contact and attempt to co-operate in all ways possible. There is the hope that in the future union between the two groups may become possible.

### CO-ORDINATING COMMITTEE

A committee to co-ordinate the assistance given to the African Independent Churches has been established. The Christian Council of S.A., IDAMASA, The Christian Institute of Southern Africa, AZASA, AICA and the R.R. Wright School of Religion are all represented on this committee.

This committee —

- (i) co-ordinates the work done by the different groups;
- (ii) keeps interested bodies informed; and

(iii) keeps represented bodies informed of the total aspect of the work being done.

### MISSION WORK IN A NEW DIMENSION: HOW YOU CAN HELP

The question can now be posed: Is the spending of all this effort and money legitimate and what do we hope ultimately to achieve? I believe that the time and money are well spent in the service of Christ, for the following reasons:

(a) By reaching the leaders of 2 million people with the Gospel or in some cases with a better understanding of the meaning of the Gospel, we are reaching the 2 million people themselves.

(b) Statistics of the past twenty years have proved that these churches have a much greater chance of reaching the African non-Christian than the Mission Churches. By providing the tools, particularly in the form of theological education, the mission work of the African Independent Churches could become the most important contribution to missiological development in South Africa in the 20th century.

(c) Christianity in South Africa has in the past too often been identified with the white-man's culture. The African Independent Churches is an important part of Christianity in South Africa in which these ties are loosened. But the loosening of these ties should not be accompanied by a loosening of the Churches' ties to the Bible and to theological training. In the work now undertaken the emphasis is on theological training to negate syncretistic and nativistic developments in the churches.

(d) This work will provide the opportunity to renew contact between the Mission Churches and the African Independent Churches, and making both groups aware that the Church of Christ is larger and wider than any particular historical development of the church as organisation.

Overseas churches have shown a keen interest in the work and have largely provided the financial backing for the work. Yet there is still much that can be done by church bodies and individuals to help in this work. Help can be given in the form of —

- (i) financial aid;

- (ii) assistance by theological teachers;
- (iii) permission by the Mission Churches for the use of their buildings by AICA;
- (iv) books for the library at the seminary;
- (v) prayer for the work.

The Church of our Lord Jesus Christ transcends man's divisions and group tendencies, but is at the same time manifested in the local organised group of Christians. But local groups of Christians, whatever their historical background, par-

ticular group awareness or distinctive practices, can never free themselves from their responsibility over against all other Christians and Christian groups. The African Independent Churches share the Christian responsibility for being neighbours unto the Mission Churches, and the Mission Churches likewise are responsible for being neighbours unto the African Independent Churches.

People who would like to know more about the African Independent Churches should read: "Bantu Prophets in S.A." by Bengt G. M. Sundkler. (much of the historical

information in this article was obtained from this book); "The Biblical concept of Messianism and Messianism in Southern Africa" by Marie-Louise Martin; and "Our Approach to the Independent Church Movement in S.A.", being 17 lectures by authorities on these Churches, delivered at a Missiological Course held at the Lutheran Theological College at Mapumulo in 1965. All three these books are available from the Christian Institute library, 408, Dunwell, 35, Jorissen Street, Braamfontein, Johannesburg. They should also be obtainable from most public libraries.

## DIE KERK BUISTE SUID-AFRIKA

**PROF. B. B. KEET**

**Die Swart Mag (Black Power) beweging baar sorg onder blankes en negers in Amerika. Nogtans is daar ooreenstemming oor sekere punte; eerste, dat daar 'n ontplofbare situasie bestaan; tweedens, dat die frustrasie en selfs vertwyfeling van die negermassas baie werklik is; derdens, dat as die blankes die erns van die situasie eerder besef het, die heersende uitgebreide onrus vermy kon geword het.**

Dr. G. Elson Ruff verklaar in 'n inleidingsartikel van die **Lutheran**, publikasie van die Lutherse Kerk in Amerika: „Ons het ons so deur eie belang laat verblind, ons was so self-voldaan en self-tevrede dat storm-sterkte gevare aan ons gesigseinder opgehoop het.“ Hy merk op dat, hoewel dit nog nie duidelik is, watter vorm dit sal aanneem of in watter rigting dit sal beweeg nie, hy deur sy donker bril die vooruitsigte as sleg beskou. As daar onder blankes 'n oorweldigende besef van die erns van die toestand was, sou 'n krisis afgewend kon word. Maar talle blanke kerkmense is nog nie daarvan oortuig dat ons gereed is vir 'n klein integrasieteken in die kerk nie, selfs lank nadat die probleem al ver verby hierdie punt beweeg het.

Dr. Martin Luther King, wat in 'n sewekolom advertensie in die **New York Times** 'n pleidooi lewer vir fondse ter ondersteuning van sy Konferensie van Suidelike Leiers, sê dat miljoene negers gefrustreerd en kwaad is omdat buitensporige beloftes wat minder as 'n jaar gelede gemaak is, vandag volkome verydel is. Toe die Burgerregtewet in 1965 aangeneem is, was die verwagting dat dit 'n ope deur na vryheid sou wees. Maar die geringheid van voor-

dele in die Suidelike State sowel as in die Noordelike ghetto's het sommige negers tot die oortuiging gedwing dat geweld alleen die blanke meerderheid sal skok en erns met die werklikheid laat maak. Swart Mag is 'n uiting van desperaatheid wat sal verdwyn as die negers hul regmatige deel van die mag deur effektiewe organisasie verkry. Intussen gaan die groot meerderheid voort om sonder geweld dit te verkry, as blank Amerika hulle met eerlikheid en beslistheid wil ontmoet.

Aartsbiskop Paul Haliman van Atlanta noem die slagspreuk van Swart Mag aansteeklik en misleidend; dit is verraad teenoor 20-miljoen mense in Amerika.

### MORMONE EN DIE RASSE-VRAAGSTUK

Rasse-gelykheid is deur die Mormone in hul halfjaarlikse algemene vergadering in Salt Lake City aanbeveel, maar daarby is gevoeg dat hulle geen verandering in hul basisopvattinge oor die rassekwestie bedoel nie. Volgens hierdie basis wys hulle die negers af, al word daarby verklaar dat daar 'n wesenlike eenheid bestaan onder die ganse menslike geslag — alle mense het reg op dieselfde behandeling van watter ras hulle ook mag wees.

**Christianity Today** teken hierby aan: Miskien wel as mens, maar nie as Mormoon nie. Negers kan bv. lede word van die Mormonse sekte, maar is uitgesluit van die priesterskap volgens Melchisedek en behoort tot die laagste trap in die kerklike lewe. Daar is, volgens Mormonse opgawes, byna 2½-miljoen Mormone in die wêreld, waarvan 18 duisend aktiewe evangeliste is.

### DIE CHRISTENDOM IN JAPAN

Die Japanse militante Boeddhistiese sekte, Soka Gakkai, wil sy anti-Christelike standpunt aansienlik wysig. Die sekte wat 'n ledetal van vyf miljoen gesinne tel, het hom ten doel gestel om alle Christelike invloede in Japan uit te wis, maar sy krag het nie alleen die Christendom bedreig nie, dog ook alle ander godsdiens in Japan. Daardeur het die opposisie teen Soka Gakkai groter geword. Die gesamentlike godsdiens in Japan, saam met enkele Protestantse groeperinge het 'n front gevorm wat oor die sewe miljoen lede tel en 150 lede in die Parlement het. Ook die Japanse arbeidersbeweging van 1,500,000 lede het die stryd teen Soka Gakkai aangebind weens sy dubbelsinnigheid en onverdraagsaamheid. Die gewig van hierdie opposisie het aanleiding gegee tot 'n aansienlike ledeverlies van Soka Gakkai. Indruk is in die politieke- en religieuse wêreld gemaak deur 'n verklaring van Ikeda Dai-

saku, voorsitter van die sekte, dat sy vereniging geneë is om sy kragtige teenstellinge prys te gee en vriendskaplike betrekkinge met ander godsdienste aan te knoop.

### DIE TOEKOMS VAN ALBERT SCHWEITZER SE HOSPITAAL

Lank voor sy dood reeds het dr. Albert Schweitzer 'n liggaam gestig om o.m. voorsiening te maak vir die aanstelling van sy opvolger as hoof van die hospitaal in Lambarene. Dié liggaam het sy setel in Straatsburg. Toe Schweitzer nog geleef het, het die vereniging eienaar geword en ná sy dood op 4 Desember 1965 het die vereniging volle verantwoordelikheid oorgeneem. Daar bestaan ook verskillende

hulp-organisasies in alle dele van die wêreld bv. in Duitsland, Engeland, Verenigde State, Switzerland en Nederland.

In 1960 het die verteenwoordigers mekaar in Basel ontmoet en oorleg gepleeg oor die taak wat op hulle rus. Op 18 Desember 1965 het die eerste algemene vergadering van die vereniging in Straatsburg plaasgevind. 'n Bestuurskommissie van elf lede is gekies en 'n uitvoerende kommissie aangestel. In ooreenstemming met die wens van dr. Schweitzer self is die administratiewe leiding van die hospitaal aan sy dogter, Mevr. Rhona Eckert-Schweitzer toevertrou, terwyl die mediese leiding in hande van die Switserse arts, Walter Munz, gestel is.

Op die oomblik bevat die hospi-

taal 75 geboue, waar ongeveer 'n duisend mense (personeel en pasiënte met hulle families) onderdak vind. Die hospitaal word nou ook gemoerniseer. Die elektriese installasie word uitgebrei, die watervoorsiening verseker, 'n nuwe T.B. afdeling aangebring, terwyl daar nog planne is vir die noodsaklike uitbreiding van die hospitaal, die bou van operasiesale, 'n apteek, ens. Daar sal ook 'n afdeling vir preventiewe geneeskunde gestig word (inenting, voorligting in verband met higiëne, kinderversorging, ens.) 'n Spesiale kommissie is belas om saam met sy dogter die geestelike nalatenskap van dr. Schweitzer te versamel, bewaar en boekstaaf, sodat dit vir die geslagte van die toekoms kan bly voortleef.

## DIE WOORDE VAN DIE MENSE

*„Maar Ek sê vir julle dat elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word en uit jou woorde sal jy veroordeel word.” —  
(Mat. 12:36-37).*

## TWEE EKUMENIESE KERKLIGGAME GEVLOEK

Onder die opskrif: PRETORIA SE BOODSKAP, skryf a spesiale medewerker van 'n Afrikaanstalige politieke Sondagkoerant die volgende oor die Internasionale Simposium oor die Kommunisme wat onlangs in Pretoria gehou is: „As eerste tasbare bewys van die bevrugtingswerk wat die Simposium hier plaaslik gedoen het, wil ons die hoop uitspreek dat daardie kerkgenootskappe in Suid-Afrika, hoofsaaklik Engels, wat by name genoem is as nog lede van die Wêreldraad van Kerke dit nou sal oorweeg om hul lidmaatskap ernstig in hersiening te neem. Die getuienis is oorvloedig dat die Wêreldraad van Kerke, net soos die Britse Raad van Kerke, 'n onheilige bondgenootskap is waarin vyande en nie vriende nie, saamgetrek sit”.

So word twee ekumeniese kerkliggame in een asem gevloek, en die lesers van dié koerant moet dan ook

tot die gevolg trekking kom dat dit inderdaad die eerste vrug is wat die simposium opgelever het, nl. dat dit 'n mens aanleiding gegee het om teen die Kerk van Christus te laster. 'n Onheilige bondgenootskap is 'n bondgenootskap van onheiliges. En kerke is lede van die Wêreldraad van Kerke en die Britse Raad van Kerke.

In dieselfde koerant word berig dat die sekretaris van die Nasionale Raad vir die Bestryding van Kommunisme gesê het dat die simposium 'n klinkende sukses was en dat oorweging daaraan geskenk word om dit 'n jaarlikse instelling te maak.

As die eerste tasbare bewys van die bevrugtingswerk wat die simposium hier plaaslik gedoen het, daar-in bestaan dat daar teen die Kerk van Christus gevloek word, wat kan van verdere simposia verwag word?

Oor die noodsaklikheid dat die kommunisme bestry moet word, be-

hoort daar by niemand enige twyfel te bestaan nie. As ons in ons bestryding van die „onreine gees“ egter nie met die Gees van Christus vervul is nie, sal dit met ons gaan soos Jesus dit aan ons voorgehou het: „En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie. Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slechter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag”. (Mat. 12:43-45).

Anti-kommunisme wat teen die Kerk van Christus vloek, is vir die Christendom in Suid-Afrika geen geringer bedreiging as die kommunisme nie.

# POLITIEKE KOERANT BENAДЕEL N. G. PREDIKANT EN GEMEENTE MET VALSE BERIG

Dieselfde Sondagblad waarna hierbo verwys is, het in sy uitgawe van 25 September 'n berig geplaas onder die opskrif: **N.G. LERAAR SKOK MET VRAAG OOR ROU-MOSIE.** In die berig word beweer dat die predikant van die Ned. Geref. Gemeente Parkhurst, dr. J. H. P. van Rooyen, tydens die sitting van die Ring van Johannesburg bedenking geopper het teen 'n mosie van roubeklag in die dood van wyle dr. H. F. Verwoerd en die vraag gestel het of steun vir die mosie nie sou neerkom op vereenselwiging met 'n bepaalde politieke beleid nie.

Die feit dat talle van sy gemeentelede miskien die berig sou lees en moontlik tot nare gevolgtrekkings kon kom, het dr. Van Rooyen verplig om dieselfde Sondag nog, by die oggend- en aanddiens, 'n verklaring aan sy gemeente voor te lees oor wat presies tydens die Ringsitting gebeur het.

In die verklaring sê dr. Van Rooyen o.m.: „Wat op die Ringsvergadering van Johannesburg gebeur het, is dat op Saterdagdag. 11 September ds. H. J. C. Snijders, sonder dat iemand vooraf insae daarin gehad het, 'n mosie van roubeklag voorgelees en voorgestel het. In die formulering van hierdie mosie was daar egter **een sin** wat vir my by die eerste aanhoor daarvan geklink het na 'n moontlike vereenselwiging van die Ring van Johan-

nesburg met die beleid van 'n bepaalde politieke party, nl. die regeerende party. Ek is net soos die blad Dagbreek bewus daarvan dat elke leraar sy eie oortuiging oor die politiek kan hê, maar ek weet tog ook baie goed dat die Kerk van Christus hom nie mag vereenselwig met 'n bepaalde politieke party se beleid nie — ons is tog nie 'n nasionaliste-kerk nie! Daarom het ek slegs oor daardie één sin navraag gedoen . . . Maar nadat die verskering gegee is dat die bedoeling nie is dat die Ring hom daarmee met 'n politieke party vereenselwig nie, het ek soos al die ander lede my steun aan die mosie gegee.”

Dieselfde Sondagaand het die Kerkraad van Parkhurst die volgende besluit geneem:

1. Die Kerkraad spreek sy diepe dankbaarheid uit teenoor sy leraar, dr. J. H. P. van Rooyen, vir die openhartige verklaring deur hom aan die Kerkraad en gemeente voorgelees by die oggend- en aanddiens;

2. die Kerkraad aanvaar die korrektheid van die genoemde verklaring van die leraar met volle vertroue en vereenselwig hulle heelhartig met sy gevoel van ontsteltenis en hartseer oor die onwaarheid van die genoemde berig en die onreg hom daardeur aangedoen;

3. die Kerkraad is egter daarvan bewus dat hierdie berig verreikende implikasies op 'n breë terrein het en nog kan hê omdat dit nie alleen die

leraar en die gemeente raak nie, maar ook die kerk. Daarom versoek die Kerkraad dringend dat daar 'n buitengewone en spoedvergadering van die Ring van Johannesburg gehou sal word sodat die feite deur die Ring reggestel sal word. Daarby versoek die Kerkraad die Ring dringend om alle pogings aan te wend dat hierdie saak deur 'n algemene persverklaring én in Dagbreek reggestel sal word.

Op 28 September is daar toe 'n buitengewone Ringsitting gehou, en die Ring het besluit dat hy oortuig is van die goeie bedoeling van dr. Van Rooyen met die vraag wat hy in verband met die mosie gestel het. Dit is duidelik, so lui die besluit verder, dat hy hom nie teen die mosie verset het nie, maar net inligting gevra het oor 'n sekere sinsnede. Die Ring betreur dit en keur dit af dat die voorval in die persberig gebruik is om 'n refleksie op dr. Van Rooyen tewerp waardeur veel leed en skade aan hom as ampsdraer en aan die gemeente van Parkhurst gedoen is.

\* \* \*

Wie sal die skade bereken wat sekere politieke koerante, veral gedurende die afgelope ses-sewe jaar, aan die kerk, aan diensknegte van die Here en aan die saak van die koninkryk van God in ons land gedoen het? Praat van die „komunistiese gevaar” vir die kerk . . .

## REDAKTEUR VAN KERKBLAD SPREEK WARTAAL

Wie onlangs die berig in die dagbladpers gelees het oor wat dr. A. P. Treurnicht, redakteur van **Die Kerkbode**, in sy referaat tydens die Internationale Simposium oor die Kommunisme gesê het, sit verleë met die vraag wat hy bedoel het. Dit gaan nou nie oor dr. Treurnicht se smalende verwysing na predikante wat as „profete”, as „Luthers van die 20e eeu” begroet word omdat hulle sekere maatreëls wat uit die apartheidsbeleid voortvloeи, veroordeel nie, maar veral oor die vraag of dr. Treurnicht besef dat die Evan-

gelie nie met 'n paar politieke oorveë van sy krag en betekenis as 'n heilsboodskap vir hierdie lewe in hierdie wêreld, beroof kan word nie. Dit kan wees dat die pers die belangrikste van wat dr. Treurnicht gesê het, of moes gesê het, verswyg het, maar dit is onwaarskynlik, want aan die einde van die simposium het dr. Treurnicht, volgens 'n ander persberig, sy waardering uitgespreek teenoor **Die Transvaler**, **Die Vaderland** en Radio Suid-Afrika vir die objektiewe en korrekte beriggewing oor die simposium. „In Suid-

Afrika”, het dr. Treurnicht volgens **Die Vaderland** gesê, „het ons dit te belewe dat die optrede van Abram Fischer, met al die noodlottige implikasies daarvan, per slot van rekening as die skuld van die Kerk aangeteken word. Dit sou dan die Kerk se skuld wees dat Fischer 'n Kommunist geword het. Sou dit wees omdat die Kerk nie die materialistiese en godloënde filosofie van die Kommunisme wou verkondig nie?”

Die antwoord hierop is eenvoudig dat niemand dit ooit so gestel het

nie. Waarom vra dr. Treurnicht dan so 'n vraag? Wie wil hy daarmee as voorstanders en pleitbesorgers van die „godloënde filosofie van die Kommunisme” onder verdenking bring? Dit is in elk geval 'n onsmaaklike en onwaardige insinuasie.

Maar uit wat verder in die berig volg oor wat dr. Treurnicht gesê het, en as dit al is wat hy gesê het, blyk dit duidelik hoe wartaal in die vertolking van die heilsboodskap van die Bybel die teelaarde berei waarin die kommunisme noodwendig moet ontkiem en groei as 'n surrogaat-heilsboodskap wat daarop aanspraak maak om 'n beter een as dié van die Bybel te wees. **Die Vaderland** rapporteer hom soos volg: „Die invretting van die liberalisme in die godsdiens bestaan daaruit dat hy oorlog verklaar het teen die openbaringsaspek van die godsdiens, die bo-redelike en die hemelse of hiernamaalse. En wanneer die godsdiens hoofsaaklik 'n brood-en-botter godsdiens is, 'n propagandamiddel vir stemreg, besitreg, lone en menslike gelykheid het hy nie alleen die godsdiens verskraal tot mense diens nie, maar ook die pad wyd oopge maak vir die konsekente sekularisme — die ateïstiese Kommunisme.”

Dit is sterk, tipies ekstremistiese taal met die bombastiese uitdruk kingswyse, die histeriese toon en die opswepende krite wat daarvan kenmerkend is. Maar 'n element van waarheid bevat dit stellig. Die godsdiens mag sekerlik nie in mense diens ontaard nie.

Maar het dr. Treurnicht dit daarby gelaat? Het hy geen woord gerep oor die Bybelse waarheid dat godsdiens sonder naastediens tevergeefs, ja, 'n leuen voor God is nie? Dit is nie 'n inblasing van Engels, Marx, Lenin of Stalin nie, maar dit is deur die lewende God self aan ons geopenbaar. Die Bybel is daar te vol van om na bepaalde tekste te verwys. Het dr. Treurnicht as teoloog en kerkman miskien ook nagelaat om die simposium in te lig oor hoe belangrik die „brood en botter”-vraag vir die God van die Bybel is? Dink maar aan Jesus se solidariteitsverklaring, „Ek het honger gehad”, met die geringes van die wêrld wat hulle honger uitroep... (Mat. 25:35v.).

En laat ons die verwysing na stemreg, besitreg, lone en menslike

gelykheid maar in één begrip saam vat: sosiale geregtigheid. Het dr. Treurnicht, toe hy voor die simposium gepraat het, darem onthou dat die Bybel daaroor onvergelyklik heerliker en troosryker praat, omdat dit konkreter daaroor praat, as wat die apostels van die kommunisme ooit kon droom? Sou daar ooit kommunisme in die wêrld gewees het as die kerk dit nie te dikwels en te veel verswyg het nie, as die kerk onthou het dat die nuwe hemel en die nuwe aarde waarin geregtigheid woon die goddelike voleinding is van waaruit ons die heiligmaking moet beoefen — horisontaal, voor Gods aangesig, onder die mense, in die wêrld? Dit is maar 'n vraag. Maar watter Christen kan die kommunisme as karikatuur-heilsboodskap ooit effektief bestry sonder om die waarheid in herinnering te bring dat die Bybel ons eers reg leer wat sosiale geregtigheid, materialiteit en eskatologie beteken en dat ons in die Bybel waaragtig nie uit die stoflike, tydelike, aardse werklikheid weg-verwys word na 'n hemelse hiernamaals nie, maar tot in alle ewigheid daarin gehou word?

Wie die Evangelie op hierdie punt met gnostiese wartaal vergeestelik, maak daarvan die „opium vir die volk”. En dan kos dit 'n kommunis om die kerk daartoe te dwing, as die kerk wil ag gee op die roede waarmee God hom uit sy hemeldrome tot ontwaking wil tugtig, om die Bybel weer oop te slaan en uit sy Woord te leer hoe hierdie tydelike, stoflike wêrld waarin ons leef, vanuit sy komende koninkryk in die stoflike dinge, in die menslike verhoudinge, in die lewe hier en nou soos dit in sy totale omvang beleef word, geheilig moet word tot sy diens en gevorm moet word na sy Beeld.

Wie beswaar maak teen 'n onbybelse vergeesteliking en verhemeling en verhiernamaalsing van die heilsboodskap, het sekerlik iets van die bedoeling van die Heilige Gees begin verstaan. Maar dr. Treurnicht vra of so iemand wil hê dat die kerk „die materialistiese en godloënde filosofie van die Kommunisme” moet verkondig. 'n Gevaarlike, uiters riskante vraag. Dit is met vuur speel, soos prof. Van Selms waarsku. Mag God dit verhoed dat hierdie vraag ooit in die mond van dr. Treurnicht tot 'n stelling sal word.

BEN ENGELBRECHT.

## DAGBREEK WORD MILD

As 'n mens ouer word en die einde van sy lewensdae naby sien, word jy dikwels milder. Jy sien die stryd van jou jong jare in die sagte lig van die aand. Jy ondervind selfs 'n sekere vertedering teenoor wie jou teenstanders was.

Dit gebeur blykbaar ook met die Son dagblad *Dagbreek*.

In die nommer van 18 September, seksie 1, bladsy 9, haal daardie koerant 'n sin uit die tweede artikel van die reeks *Christen wees in hierdie land* uit *Pro Veritate*, Julie 1966 aan. Tussen aanhalingstekens staan daar dat in daardie artikel deur my geskryf is: „Daar is veel minder onderskeid tussen u en u ongelowige huisbediende as tussen u en Christus.”

In werklikheid verskyn daardie sin nie in die Julie-nommer nie, maar in die uitgawe van Augustus, bladsy 7. Dit staan daar ook met 'n bietjie ander woorde: „Daar is veel minder verskil tussen u en u ontroue huisbediende as tussen die ewige Seun van God en u.”

Die meeste van die afwykings het min om die lyf, maar opmerklik is dit dat Dagbreek die woord „ongelowige” gebruik, terwyl ek „ontroue” geskryf het. Hoe kan 'n mens dit verklaar? Dit is geen opsetlike verdraaiing nie; dit mag en wil 'n mens geen oomblik veronderstel nie. Die verandering sou, gestel dat dit 'n opsetlike verdraaiing was, wat ons stellig ontken, geen denkbare doel kon dien nie.

Maar dit is welbekend dat van die artikels in hierdie reeks verkorte weergawes in die Engelse dagbladpers verskyn het. Hoe vertaal 'n mens „ontroue” in Engels? Natuurlik met „unfaithful”. Maar hoe kan 'n mens „unfaithful” in Afrikaans vertaal? Nie maar net met „ontroue” nie, maar ook met „ongelowige”!

Die gevolgtrekking is onafwendbaar: Om 'n in Afrikaans gestelde artikel in Afrikaans weer te gee, gebruik Dagbreek 'n Engelse vertaling van gedeeltes van daardie artikel! Daarom sê ons: Dagbreek word mild. In vroeër dae het hy hom herhaaldelik in krasse bewoerdings uitgelaat oor die Engelstalige pers in hierdie land. Daardie tyd is nou verby. Dagbreek stel nou 'n roerende vertroue in die korrektheid van die Engelse weergawe van Afrikaanse stukke. Die strydbyl is begrawe; die wolkies van die vredespyp styg op.

Dit is aandoenlik.

A. VAN SELMS